DOPING MET DIE HEILIGE GEES

1. Die Bybelse belofte van die doping in die Heilige Gees
Johannes die Doper het duidelik verklaar dat Jesus die Een is wat gelowiges met die Heilige Gees sou doop, soos die Ou-Testamentiese profesie van Joël beloof het (Joël 2:28–29). “Hy sal julle doop met die Heilige Gees en met vuur.” — *Matteus 3:11*

Voor Jesus opgevaar het, het Hy aan die dissipels die opdrag gegee om in Jerusalem te wag op **die belofte van die Vader**: “Want Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word, nie lank na hierdie dae nie.” — *Handelinge 1:5*

Hierdie doop in die Heilige Gees is meer as ’n ervaring — dit is ’n **bekragtiging vir diens**: “Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom…” — *Handelinge 1:8*

2. Pinksterdag: Die Begin van die Nuwe Era
Op Pinksterdag het die belofte van Joël 2 in vervulling gegaan (Handelinge 2). Die Heilige Gees is uitgestort op almal wat daar was — nie net die apostels nie.

Petrus verduidelik: “Hy het dit uitgestort wat julle nou sien en hoor.” — *Handelinge 2:33* En hy bevestig dat die belofte **vir alle gelowiges** is — destyds én vandag: “Die belofte is vir julle, en vir julle kinders, en vir almal wat ver is…” — *Handelinge 2:39*

Die boek Handelinge wys dat die doop in die Heilige Gees **herhaaldelik** ontvang is (Handelinge 8; 10; 19). Dit was nie ’n eenmalige Pinkstergebeurtenis nie — dit duur voort tot die Wederkoms.

3. Waarom die doop met die Heilige Gees noodsaaklik is
Die Heilige Gees werk op verskeie onontbeerlike maniere in die gelowige se lewe:

- **Oortuiging van sonde** (Johannes 16:8–11)
- **Verheerliking van Christus** (Johannes 16:14)
- **Leiding in waarheid** (Johannes 15:26; 16:13)
- **Vertroosting en hulp** (Johannes 16:7)
- **Krag vir getuienis** (Handelinge 1:8)
- **Uitrusting deur die gawes** (1 Korintiërs 12:7–11)
- **Opbou van die liggaam van Christus** (1 Korintiërs 14:3–4)
- **Innerlike verandering en vrug** (Galasiërs 5:22–25)

Jesus laat niemand in sy eie krag bedien nie — Hy het gesê:
“MOENIE gaan voordat julle ontvang het nie” (Handelinge 1:4).

Dieselfde geld vandag: die doop in die Gees is nie ’n opsionele ekstra vir ’n paar “charismatieses” nie — dit is vir **ELKE gelowige**.

4. Spreek in Tale: Teken en Funksie

4.1 Tale as Teken van die Doop met die Heilige Gees

In elke voorbeeld in Handelinge waar mense in die Gees gedoop is, het **tale** voorgekom (Handelinge 2:4; 10:46; 19:6). Tale is die **universele uiterlike teken** van die doping met die Heilige Gees.

Volgens Jakobus 3:8 is die tong die moeilikste deel van die mens om te beheer. Wanneer die Heilige Gees die tong oorneem, wys dit dat Hy die hele mens oorgeneem het.

Tale in die konteks van die Doping met die Heilige Gees is:

- aanbidding tot God (Handelinge 2:11, 10:46)
- 'n intieme, hemelse taal tussen jou en God (1 Kor. 14:2)
- geestelike versterking van die individu (1 Kor. 14:4)
- gebed in ons swakheid — die Gees tree in (Romeine 8:26)

Dit word deur ons as **hemelse taal** verstaan — nie vir uitleg nie, maar vir **persoonlike aanbidding, gebed en opbou**.

4.2 Tale as 'n Gawe (Gemeente-funksie)

1 Korintiërs 12 en 14 onderskei duidelik tussen:

A. Tale as gawe (met uitleg)

- Dit werk net wanneer die Gees dit gee
- Dit is vir die **gemeente**
- Dit moet **uitgelê word**
- Dit dien tot **opbou van ander**
- Dit moet ordelik plaasvind

B. Tale as aanbiddingstaal (hemelse taal)

- Dit kom met die doop in die Gees
- Dit bou die **persoonlike gelowige** op
- Dit is gebed tot God
- Dit benodig geen uitleg nie
- Dit is deel van 'n gelowige se **geestelike leefstyl**

Pinkster-posisie:

Die **GAWE van tale** ≠ die **TEKEN van tale**
Die **GAWE van tale** is **sommige** s'n
Die **TEKEN van tale** is vir **almal** wat in die Gees gedoop word

5. Voorvereistes vir die doop met die Heilige Gees

5.1 Wedergeboorte: Die enigste Bybelse voorwaarde om met die Gees gedoop te word, is dat jy weergebore moet wees.

5.2 Geloof: Glo dat die belofte ook vir jou is.

5.3 Soek met 'n suiwer motief: Nie om bloot in tale te praat nie, maar om:

- Jesus te verheerlik
- bruikbaar vir God te wees
- krag te ontvang om sy wil uit te leef

5.4 Ontvang deur oorgawe: Die Geestesdoop is:

- nie ’n verdienste nie
- nie ’n rangorde nie
- nie ’n emosionele vertoning nie
- maar ’n *oorgawe aan die Heilige Gees se beheer*

5.5 Prakties: Soms

- voel dit asof onbekende woorde opborrel
- klink dit vreemd vir jou verstand
- voel dit onsamehangend

Maar dit is die Gees wat deur jou bid. Spreek dit uit in geloof.

5.6 Die Unieke Ervaring van Elke Gelowige. Elke mens se dopings-ervaring is uniek — maar die Bybel gee een gemeenskaplike merker: **Die spreek in tale (hemelse aanbiddingstaal)**. Moenie jou ervaring bou op iemand anders s’n nie; die Doper in die Heilige Gees werk persoonlik met jou.